**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL** **MAANDAG 27 APRIL** **TYD: 20 MIN.**

**Onderwerp**: Begripsvrae oor 'n inligtingsteks

**Doelwit:** Moet 'n inligtingsteks kan lees en inligting kan onttrek om vrae daaroor te beantwoord.

**Lesinhoud:** Goeie dag Graad 4's.
Vandag gaan ons kyk na inligtingstekste.

**Wat is 'n inligtingsteks?**
Inligting + teks = inligtingsteks
Dit is dus 'n teks wat vir jou inligting deurgee of verskaf.
Voorbeelde van inligtingstekste is bv. advertensies, tydskrifartikels, koerantartikels, ens.

Maak jou rooiboek oop op bl.78, voordat jy die teks lees, kyk na die opskrifte en prentjies. Kan jy dalk voorspel waaroor die teks gaan?
Lees die teks nou deur, indien daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit nou weer stadig deur.
Hierdie teks gee dus vir ons baie inligting oor oefening en hoekom oefening belangrik is.

**Aktiwiteit:** Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek**: Bl.78-79**
Lees die artikel wat aan jou gegee word op bl.78.
Voltooi die vrae oor die artikel op bl.78 en bl.79 in jou rooiboek.
Teken nou 'n prent onderaan bl.79 om die artikel te verduidelik/illustreer.

---

**MEMORANDUM : MAANDAG 27 APRIL**

**Bl.78**

Watter soort teks is dit? C – Inligtingsteks
Wat behoort kinders minder te doen? B – Minder TV te kyk

**Bl.79**

Watter voordele van oefening word genoem? Kan enige drie van die volgende wees:

- Oefening hou jou hart gelukkig.
- Oefening maak ons spiere sterk.
- Oefening maak jou soepel.
- Oefening help jou om 'n goeie gewig te handhaaf.

Wat beteken oefening hou jou hart gelukkig?
Oefening is goed vir jou hart, want jou liggaam kry meer suurstof en dit maak jou hart sterker.

Enige prentjie waar iemand aktief besig is, is korrek.

---

**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL** **DINSDAG 28 APRIL** **TYD: 20 MIN.**

**<u>Onderwerp</u>:** Beplan 'n inligtingsteks


**<u>Doelwit</u>:** Leerders beplan hulle eie inligtingsteks.

**<u>Lesinhoud:</u>** Goeie dag Graad 4's

Gister het ons gekyk na hoe 'n inligtingsteks lyk. Vandag gaan jy jou eie inligtingsteks beplan.

Dink solank waaroor jy kan skryf. Enige onderwerp wat inligting aan die leser verskaf.

Kom ons vat bv. Die Groot Vyf as 'n voorbeeld. Kies 'n titel vir jou teks. Dink aan twee of drie belangrike idees wat jy oor dit kan skryf.




**<u>Aktiwiteit:</u>** Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek: **Bl.80**

Beplan jou eie inligtingsteks op bl80. ONTHOU jy moet inligting deurgee aan die persoon wat dit sal lees.

Dit kan bv.oor sportsoorte, gesondheid, die natuur, 'n geleentheid wat gaan plaasvind, ens. gaan. Wees kreatief!

Ignoreer die staafdiagram onderaan die bladsy wat jy moet teken.

---

**MEMORANDUM : DINSDAG 28 APRIL**

**<u>Bl.80</u>**

Vra iemand in julle huishouding om jou beplanning deur te lees.

---

**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL** **WOENSDAG 29 APRIL** **TYD: 30 MIN.**

**<u>Onderwerp</u>:** Skryf 'n inligtingsteks

**<u>Doelwit</u>:** Leerders skryf hulle eie inligtingsteks.

**<u>Lesinhoud:</u>** Môre Graad 4's

Gister het jy jou inligtingsteks beplan. Vandag gaan jy dit mooi bymekaar sit en jou finale weergawe skryf. Dink kreatief en gebruik byvoeglike naamwoorde om iets te beskryf.

Jou teks kan in paragrawe, of punt vir punt geskryf word, of onderhofies hê om die lees daarvan te vergemaklik.

**Aktiwiteit:** Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek: **Bl.81**
Skryf nou jou inligtingsteks wat jy gister beplan het.
ONTHOU: Die inleiding vertel vir ons waaroor jou teks gaan.
By die hoofteks gee jy vir ons die feite/inligting deur.

---

**MEMORANDUM : WOENSDAG 29 APRIL**
**Bl.81**

**Kontroleer jou inligtingsteks.**

| Kontrolelys | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Jou inligtingsteks het 'n titel. | | |
| Jou inleiding vertel ons waaroor jou teks gaan. | | |
| Elke sin het 'n hoofletter en 'n punt, en die sinne is nie te lank nie. | | |
| Die sinne of punte vloei mooi en sluit mooi by mekaar aan. | | |
| Daar is geen spelfoute nie. | | |

---

**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL DONDERDAG 30 APRIL TYD: 20 MIN.**

**Onderwerp:** Lees van diagramme; Afkappingstekens
**Doelwit:** Leerders moet 'n staafdiagram kan lees, verstaan en vrae daaroor kan beantwoord.
**Lesinhoud:** Goeie dag Graad 4's
Ons het die afgelope twee weke redelik staafdiagramme bestudeer. Jy gaan vandag weer 'n staafdiagram bestudeer en vrae daaroor beantwoord.

**Afkappingstekens:**
Sekere woorde word met 'n afkappingsteken geskryf.
Kyk na die volgende:

- Die meervoud en verkleining van woorde wat eindig op i,o,u en 'n lang a, soos foto's en foto'tjie, ski's en ski'tjie, pa's en pa'tjie.
  'n Woord soos oupa eindig nie op 'n lang a nie en kry daarom nie 'n afkappingsteken nie bv. oupas en oupatjie.
- Die meervoud en verkleining van letters van die alfabet en getalle, soos A's, B's, S'e, 7's, 2's en 2'tjie.
- Die meervoud en verkleining van afkortings soos TV's en TV'tjie.

Kom ons kyk of julle nou afkappingstekens op die regte plekke van woorde kan invul deur 'n aktiwiteit te doen.

**Aktiwiteit:** Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek**: Bl.82-84**
Beantwoord die vrae in die tabel op bl.83, deur die staafdiagram op bl.82 te gebruik.
Onderaan bl.83 kan jy jou eie tabel ontwerp deur blokkies in te kleur en die twee vrae onderaan die tabel te beantwoord.
Afkappingstekens – Bl.84
Kyk mooi na die blou blokkie in jou boek wat vir jou vertel wanneer 'n afkappingsteken gebruik word.
Voltooi die aktiwiteit op bl.84 deur die afkappingstekens op die regte plek in te vul en twee sinne te maak deur woorde met afkappingstekens te gebruik.

---

**MEMORANDUM : DONDERDAG 30 APRIL**
**Bl.83**

| **Vraag** | **Antwoord** |
|---|---|
| Van watter sport hou die meeste kinders? | Rugby |
| Van watter sport hou die minste kinders? | Swem |
| Hoeveel kinders hou van rugby? | 80 kinders |
| Hoeveel kinders hou van netbal? | 70 kinders |
| Hoeveel kinders hou van atletiek? | 50 kinders |
| Hoeveel kinders hou van swem? | 30 kinders |

**Bl.84**
**Afkappingstekens:**

| | | |
|---|---|---|
| BMW'tjie | ja's | video'tjie |
| pa's | g'n | ma's |
| a's | ma'tjie | Ferrari's |
| Graad 4's | video's | impi's |

---

**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL** **VRYDAG 24 APRIL** **TYD: 20 MIN.**

**Onderwerp:** Meervoude, verkleinwoorde, enkelvoudige en saamgestelde sinne
**Doelwit:** Leerders moet woorde se meervoude en verkleiningsvorm korrek kan neerskryf.
Hulle moet die verskil tussen enkelvoudige en saamgestelde sinne weet.
**Lesinhoud:** Goeie dag maats
Vandag gaan ons eers kyk na meervoude en verkleinwoorde.

**Meervoude** gebruik ons wanneer ons met meer as een werk.

**Hoe kan ons woorde in meervoude skryf:**

- Die byvoeging van die -s- bv. niggie – niggies voël – voëls
- Die byvoeging van die -e- bv. muis – muise maand – maande
- Verdubbel die laaste medeklinker as die klinker kort is:
  Bv. kat – katte bus – busse
- Die kort a-klank verander na 'n lang a-klank. Bv. dag – dae, gat – gate
- By die lang aa-, ee-, uu- en oo- klinkers val een klinker weg.
  Bv. skaap – skape steen – stene
- Sekere woorde kry 'n deelteken wat wys dat die -e- apart uitgespreek word. Bv oog – oë vlieg – vlieë

**Verkleinwoorde** het ons reeds na gekyk verlede kwartaal. Om net weer vinnig te hersien, lees die inigting oor verkleinwoorde deur op Bl.84.

Doen nou die oefening oor meervoude en verkleinwoorde op bl.85.

Nou gaan ons kyk na **enkelvoudige en saamgestelde sinne**.

Waaruit bestaan 'n enkelvoudige sin?

'**n Enkelvoudige sin** het 'n onderwerp, een werkwoord/ gesegde en 'n voorwerp.

Wat is 'n onderwerp, voorwerp en gesegde?

**Pieter skop die bal.**

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp** | Wie voer die aksie uit? | Pieter |
| **Werkwoord/Gesegde** | Wat is die aksie of doenwoord? | skop |
| **Voorwerp** | Wie of wat? | die bal |

'**n Saamgestelde sin** bestaan uit twee volledige sinne en het altyd twee of meer werkwoorde. Hierdie twee sinne word dan verbind met 'n voegwoord.

Bv. My ma bak koekies. Sy is besig om my sussie met huiswerk te help.
My ma bak koekies, terwyl sy besig is om my sussie met huiswerk te help.
Daar is twee werkwoorde naamlik bak en help, dus is dit 'n saamgestelde sin.

Kom ons kyk of julle kan onderskei tussen enkelvoudige en saamgestelde sinne deur 'n aktiwiteit op bl.85 te doen.

**Aktiwiteit:** Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek**: Bl.85**

Voltooi die tabel deur die woorde se meervoude en verkleinwoorde neer te skryf.

Dui daarna aan of die sinne in die tabel enkelvoudige of saamgestelde sinne is. Maak dan jou eie twee saamgestelde sinne.

**MEMORANDUM : VRYDAG 1 MEI**

| Enkelvoud | Meervoud | Verkleinwoord |
|---|---|---|
| duim | duime | duimpie |
| vlam | vlamme | vlammetjie |
| ring | ringe | ringetjie |
| poot | pote | pootjie |
| stoel | stoele | stoeltjie |
| boek | boeke | boekie |
| toring | torings | torinkie (Onthou "g" val weg) |

| Sin | Enkelvoudige | Saamgestelde |
|---|---|---|
| Hy **speel** rugby en sy **doen** haar huiswerk. | | √ |
| Omdat sy 'n doel **aangeteken** het, het Nuwedorpskool die wedstryd **gewen**. | | √ |
| Ek **hou** daarvan om tennis te **speel** en ek **hou** daarvan om te **wen**. | | √ |
| Die seuns en die dogters **neem** aan atletiek **deel**. | √ | |